LA RHONE LIMOUSINS

'jou vennoot in genetiese vooruitgang'

JUNIE 2010

Saam met die eerste winterkoue is dit vir ons aangenaam om die vuurwarm nuus uit La Rhone Stoet met ons vriende en medetelers te deel.

NASIONALE SKOU 2010

Die Nasionale Skou by Vryburg was in baie opsigte 'n hoogtepunt, nie net vir La Rhone Limousins nie, maar vir die ras as geheel. Al die telers en organiseerders wat betrokke was, sal saamstem dat die gees onverbeterlik was. Daar is elke aand saamgekuier, terwyl daar bedags oor en weer advies uitgedeel is en lekker saamgeskou is. Die gehalte en voorbereiding van die diere was van hoogstaande gehalte en ons was trots op die beeld van die Limousin tussen al die rasse en die meer as 1000 vleisbeeste op die skou. Ons is trots op die verowering van 18 goue medaljes wat die volgende kampioenskappe insluit : Junior en reserwe kampioen vroulik, Senior- en Raskampioen vroulik, Kampioen bulkalf, Junior en reserwe kampioen bul, Senior- en Raskampioen bul, asook die Kampioen Breedplan bul. La Rhone Hitman LR0810 is ook aangewys as die algehele Kampioen Breedplan bul op die skou, asook die Junior Kampioen Interras Bul. Ons wen ook die interras paar uit 10 rasse – voorwaar 'n prestasie om rasse soos die Angus, Santa Gertrudis en Sussex in hierdie klas te klop! 'n Spesiale woord van gelukwensing aan Kobus & Maryn van Tonder, Ludwig & Annari Claassen en Friedel & Louise Mulke met goeie prestasies behaal met hul La Rhone diere. Veels geluk ook aan al die ander telers met jul prestasies en baie dankie aan die beoordelaars, Koos Lourens en Jan de Jong, asook ringbeamptes, Gerrit, Johann en Jakkals en aankondiger, Peter Milton, vir jul groot bydrae. Baie dankie Gerrit Meyer vir alle reëlings – ons het groot waardering.

La Rhone Hitman - Junior- & Breedplan bul

La Rhone Glitz – Junior Kampioen Vroulik

UIT DIE VELD

Na 'n lang, droë somer met dagtemperature gereeld hoër as 40 grade, is die herfs en winter baie welkom. Ons het reeds omtrent 80 kalwers op die grond uit al ons beproefde vroulike diere, sowel as uit 'n aantal belowende eerste kalf koeie. KI-kalwers uit Sauvignon, Patocle en Hautclair lyk baie belowend, en natuurlik weer eens 'n hele aantal uit FN0210, DK0330, LR0653 (4X4) en LR0710 (Ghost) wat goed lyk. Hitman se eerste kalwers dra heel duidelik sy uitstaande eienskappe en dit is nou reeds duidelik dat hierdie bul 'n groot impak op ons stoet gaan hê. Ons verwag binnekort die eerste kalwers van LR0754 – Greenday, LR0820 – Humbug en teen die einde van die jaar die van LR0832 Harry Potter en LR0823 Hawker.

PRESTIGE LENTEVEILING & MOORREESBURG SKOU

Aangesien La Rhone die enigste vertoners van Limousins by Moorreesburg skou sal wees, sal daar ongelukkig vanjaar geen Wes-Kaap Kampioenskappe wees nie. Ons gaan egter ‘n aantal veilingsdiere daar vertoon en hoop om die ras se naam hoog te hou in die interraskompetisie. Die datum van die skou is **10 en 11 September** en ons nooi alle belangstellendes uit om ons hier te kom ondersteun. Dit is ook die ideale geleentheid om van die veilingdiere te besigtig.

Die aangehegte pamflet bevat alle inligting oor vanjaar se veiling. Hierdie geleentheid beloof om weer eens vanjaar ‘n gesellige samekoms van Limousin belangstellendes te wees. Onthou dat besoeke aan ons kudde op die dag voor of na die veiling gereël kan word – kontak ons asb. net vooraf. Woensdagaand 15 September gaan ons weer ‘n lekker informele steak-ete hê waar almal lekker kan saamkuier. Verblyfreëlings word vir almal getref – skakel ons asb. net vooraf om te bevestig sodat die korrekte aantal kamers betyds gereël kan word. Die diere sal ook reeds op Woensdag 15 September vanaf 14:00 gereed wees vir besigtiging. Vanjaar bied La Rhone met groot trots besondere bulle aan wat nie maklik as groep geëwenaar sal word nie. Hierdie veiling sal weer ‘n ‘upmarket’ geleentheid wees wat die beeld van die Limousin sal hoog hou en vir almal teenwoordig ‘n ware ‘Limousin experience’ sal wees. Besoek gerus ons webwerf www.larhone.co.za vir verdere besonderhede. Om telefonies te bie op dag van veiling skakel DW Giliomee 082 774 2579 of Leon Strauss 082 899 0809.

La Rhone uitstalling by die 2009 Prestige veiling

LR053 La Rhone Elegance op 18 maande. Sy is ‘n volsuster van LR0823 La Rhone Hawker en moeder Van LR0841, klaswenner by Nasionale skou. Met bul kalf van DK0330 – Aangebied op veiling!

ALGEMEEN

Van ons kant af ook baie welkom aan Paul, ons nuwe rasdirekteur. Ons weet dat jy ons ras na ‘n nuwe dimensie sal neem en wil jou verseker van ons volle ondersteuning. Dit is duidelik dat kommersiële telers algaande meer Limousin bulle gebruik. Die prestasies van Limousin kruisings in die voerkraal, sowel as by die slagpale is genoegsame bewys dat ‘n Limousin bul die regte keuse vir die kommersiële koper is. Ons wens al ons medetelers sukses toe met hul teelprogram en bemarking en sien daarna uit om julle hier by ons te ontvang met julle volgende besoek aan die Wes-Kaap. Aan al die Namibiese telers - Alle voorspoed met jul Nasionale Skou einde September. Ons weet dat die Limousins ook daar in Windhoek goed sal presteer

Andre, Trudene & AJ du Toit
Sel : 082 787 9207 (Andre) & 072 3773 792 (AJ), e-mail: larhone@obiekwa.co.za
www.larhone.co.za